

## **DUIKBOTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE VLOOT: DIE EERSTE FASE, 1970-2003. 'N KORT HISTORIESE EVALUERING (1): AGTERGROND**

**André Wessels<sup>1</sup>**

### *Summary*

*In November 1998 it was announced that the South African Navy (SAN) would acquire three new submarines as part of an elaborate arms procurement plan. Questions were asked in many quarters with regard to the high cost involved, allegations of corruption with regard to the tendering process were made, and in particular the question was asked whether South Africa really needed submarines. In this, the first of two articles, the purpose and value of submarines to the SAN (and South Africa) will be placed in historical perspective by analysing the history of the first submarine class to be commissioned and deployed by the SAN, namely the three "Daphné" class submarines that saw service from 1970 to 2003 SAS Maria van Riebeeck, SAS Emily Hobhouse, and SAS Johanna van der Merwe, respectively renamed SAS Spear, SAS Umkhonto and SAS Assegaai in 1999.*

---

### **1. INLEIDING**

In die lig van die rasionalisasieproses waaraan die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) sedert 1990 en later ook die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) sedert 1994 onderwerp is - en die Suid-Afrikaanse Vloot (SAV) reeds in die besonder in 1985 - was die Republiek van Suid-Afrika (RSA) se gewapende magte teen die einde van die neëntigerjare van die vorige eeu besig om hul slaankrag sodanig te verloor dat indien daar nie gou iets gedoen sou word om die saak te beredder nie, die SANW sekere vaardighede/vermoëns kon verloor wat nie weer maklik bekom sou word nie. Dit het die SAV se duikbootvermoë ingesluit.

Die Suid-Afrikaanse kabinet se besluit om 'n omvangryke wapenpakket goed te keur, iets wat op Woensdag 18 November 1998 deur pres. Thabo Mbeki amptelik aangekondig is, is gevolglik wyd in militêre kringe verwelkom, soos ook deur byvoorbeeld talle militêre kommentators, analiste, sommige ander rolspelers en 'n deel van die publiek. Talle ander persone, insluitende politici (veral in opposisiegeledere), joernaliste, kerklikes en 'n deel van die publiek was egter skepties (en in sommige gevalle erg ontsteld) oor die besluit om 24 nuwe Hawk-opleidingstralers

---

<sup>1</sup> Departement Geskiedenis, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein. E-posadres: wesselsa.hum@mail.uovs.ac.za.

(van Brittanje), 28 nuwe Gripen-stralers (van Swede), 30 Agusta A-109 ligte helikopters (van Italië), vier nuwe Meko A-200 "patrolliekorvette" (fregatte; van Duitsland) en drie nuwe "209"-klas (Tipe 1400M) duikbote (ook van Duitsland) aan te koop.<sup>2</sup> Die hoë koste verbonde aan die wapenpakket (aanvanklik R30,4 miljard, wat binne enkele maande na meer as R50 miljard geëskaleer het as gevolg van die daling in die waarde van die Suid-Afrikaanse geldeenheid) en verskeie be-  
weringe in verband met onreëlmatighede ten opsigte van die tenderprosedure, het uiters negatiewe persepsies omtrent die wapenpakket geskep en die hele saak in groot omstredenheid gehul<sup>3</sup> - iets wat sowat sewe jaar nadat die oorspronklike aankondiging op 18 November 1998 gemaak is, steeds voortduur, in besonder in die lig van die Schabir Shaik-hofsaak in Durban, 2004-5.

Een item op die lys van nuwe wapentuig wat in besonder in die spervuur beland het, was en is die aankoop van drie nuwe duikbote om die drie "Daphné"-klas duikbote te vervang. Was dit oorspronklik nodig om duikbote in 1970-1 te bekom? As 'n duikbootvermoë in elk geval oorbodig is, kan die SAV nie maar sowat 30 jaar nadat dié vermoë oorspronklik bekom is, daarvan ontslae raak nie? Teenvraag: Moes die SAV nie reeds vóór 1970, soos talle ander lande, 'n duikbootvermoë verwerf het nie? Was dit nie teen die begin van die 21<sup>ste</sup> eeu hoog tyd dat die SAV se duikbootvermoë uitgebrei moes word nie - met ander woorde, dat méér as net drie nuwe duikbote bekom moes word? Het duikbote überhaupt 'n vredestrydse rol te speel? - ook in die Afrika-konteks? Indien wel, hoe en waar?

Uitgaande van die standpunt dat duikbote 'n duur dog noodsaaklike element in enige goedgebalanseerde weermag se slagorde is en die tipe wapen is wat gesag afdwing, is dit die doel van hierdie kort studie, wat in twee artikels gepubliseer sal word, om antwoorde op bogenoemde en verwante vrae te verskaf deur die geskiedenis van die SAV se eerste drie duikbote, naamlik **SAS Maria van Riebeeck** (in 1999 herdoop tot **SAS Spear**), **SAS Emily Hobhouse** (in 1999 herdoop tot **SAS Umkhonto**) en **SAS Johanna van der Merwe** (in 1999 herdoop tot **SAS Assegaai**), kortliks te beskryf as die eerste fase van die SAV se duikbootgeskiedenis, iets wat gestrek het vanaf die eerste indiensstelling van die **SAS Maria van Riebeeck** op 24 Julie 1970 totdat die laaste oorblywende operasionele duikboot, **SAS Assegaai** (die voormalige **SAS Johanna van der Merwe**), finaal op 28 November 2003 aan diens onttrek is. (Daar kan tereg geredeneer word dat die SAV se duikboot-era eintlik reeds tot ten minste 18 Maart 1969 teruggevoer kan word, toe die eerste duikboot te water gelaat is, of tot Januarie 1969 toe die eerste

<sup>2</sup> **Beeld**, 19 November 1998, pp. 1-2; **The Mercury**, 19 November 1998, p. 1; **Die Volksblad**, 19 November 1998, p. 1; **Salut** 6(1), Januarie 1999, pp. 14-9.

<sup>3</sup> Kyk bv. **The Mercury**, 19 April 2000, p. 4; **Sunday Times**, 31 Desember 2000, p. 2; **The Independent on Saturday**, 20 Januarie 2001, p. 1; **Volksblad**, 7 Januarie 2003, p. 5.

hoof van die SAV se duikbootvleuel aangestel is, of selfs nog vroeër, toe die **Maria van Riebeeck** op 14 Maart 1968 neergelê is.<sup>4</sup> Ten einde haarklowery te voorkom, word dié dag toe die SAV sy eerste operasionele duikboot in diens gestel het, egter as die praktiese begin van die duikboot-era beskou.)

Die plek en rol van die SAV se duikbote in die algemeen, sal deurgaans geëvalueer word teen die agtergrond van die politieke situasie in die RSA, die RSA se ligging langs die strategiese Kaapse seeroete, asook die internasionale konteks, met spesiale verwysing na sowel die Koue Oorlog as die post-Koue Oorlog-era. Vervolgens word eers 'n kort oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van duikbote verskaf; daarna sal die Suid-Afrikaanse regering se besluit om duikbote aan te skaf en die bou en aflewering van die drie duikbote beskryf word. In die opvolgartikel sal die aanwending van die duikbote in die jare 1972 tot 2003 aan die orde kom.

## 2. HISTORIESE AGTERGROND<sup>5</sup>

Volgens oorlewering is Alexander die Grote tydens die beleg van Tirus in 332 v.C. in 'n glashouer in die see neergelaat. Waarskynlik is dit 'n apokriewe verhaal, maar dit wys wel dat meer as 2000 jaar gelede daar al mense was wat gedink het aan ondersese eksplorاسie.<sup>6</sup> Die bekende Italiaanse uitvinder, ingenieur, argitek, skilder en beeldhouer, Leonardo da Vinci (1452-1519), was een van die eerste persone om prakties gestalte te probeer gee aan die sogenaamde "vis-sindroom": sommige mense se ideaal om, soos 'n vis, vir 'n lang tyd onder die wateroppervlak te kan opereer. Onder sy nagelate sketse is daar dié wat 'n tipe duikklok uitbeeld. In 1578 het William Bourne in sy boek **Inventions and devices** 'n hoofstuk aan die bou van 'n duikboot (duiktoestel) afgestaan en in 1620 het die Nederlander Cornelius van Drebbel, 'n mediese dokter, met 'n tipe duikboot 'n ruk onder die water van die Teems in Londen deurgebring. Op 20 Junie 1777 het die eerste aangetekende noodlottige "duikbootongeluk" plaasgevind toe die wamaker, John Day, 'n

<sup>4</sup> **Through the periscope. South African submarines: the first thirty years. Reflections past and present** (Simonstad, 1999), pp. 2, 61; A du Toit, **South Africa's fighting ships past and present** (Rivonia, 1992), p. 277.

<sup>5</sup> Wat nou volg is bloot 'n baie kort oorsig van die ontwikkeling van duikboottegnologie deur die eeue heen. Uiteraard is daar al geweldig baie oor die geskiedenis van duikbote gepubliseer. Afgesien van die bronne waarna daar in voetnote 6-13 hieronder verwys word, kyk in die algemeen ook bv. R Humble, **Undersea warfare** (Londen, 1981); A Preston, **Submarines** (Londen, 1982); A Preston, **Submarines: the history and evolution of underwater fighting vessels** (Londen, 1975).

<sup>6</sup> E Horton, **The illustrated history of the submarine** (Londen, 1974), p. 11; C Lawless, **The submarine book: an illustrated history of the attack submarine** (Shrewsbury, 2000), p. 33; A Hezlet, **The submarine and sea power** (Londen, 1967), p. 1; J Crane, **Submarine** (Londen, 1984), p. 109.

demonstrasie met sy eenpersoonsduiktoestel in die see te Plymouth in Engeland gedoen het, maar nie weer na die oppervlak teruggekeer het nie.<sup>7</sup>

Deur die eeue heen was dit veral oorloë wat tegnologiese ontwikkeling gestimuleer het, tegnologie wat gelukkig soms ook vredestrydse toepassingsmoontlikhede gehad het. Tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog (1775-83) het die Amerikaner, David Bushnell, 'n duiktoestel ontwerp wat die eerste van sy soort was om in oorlog operasioneel aangewend te word, en wel teen die Britse Royal Navy (RN). Sy **Turtle**, beman deur sersant Ezra Lee, het die fregat HMS **Eagle** op 6 September 1776 aangeval. Geen skade is berokken nie, en die tuig en Lee het ongedeerd na hul basis teruggekeer. In 1850 het 'n Beierse skrynwerker, Wilhelm Bauer, 'n tipe duikboot, **Le Plongeur-Marin**, gebou wat die Deense oorlogskepe wat die Duitse hawe Kiel blokkeer het, op 'n afstand gehou het. Tydens die Amerikaanse Burgeroorlog (1861-5) is 'n oorlogskip vir die eerste keer deur 'n duikboot gekelder toe die suidelike state (Confederates) se **H.L. Hunley** op 17 Februarie 1864 die noordelike state (Federalists) se USS **Housatonic** buite Charleston se hawe met 'n spar-torpedo gesink het. Hierdie aanval het egter in 'n tipe selfmoordsending ontaard aangesien die **H.L. Hunley** self met haar hele bemanning van agt ondergegaan het - nie as gevolg van die ontploffing wat hulle veroorsaak het nie, maar as gevolg van een of ander tegniese probleem.<sup>8</sup>

In die loop van die laaste kwart van die negentiende eeu het duikboottegnologie vinnig ontwikkel: in 1879 het die predikant George Garrett (1852-1902) die stoomaangedrewe **Resurgam** in Liverpool gebou; in 1885 is die **Nordenfelt No 1** in Swede gebou (en die volgende jaar aan die Griekse vloot verkoop); in 1888 is die **Gymnote** in Frankryk voltooi en tien jaar later die **Narval**; in 1896 die **Delfino** in Italië, en in 1897 het die Verenigde State van Amerika (VSA) se vloot die **Plunger** in ontvangs geneem. Die voormalige Ierse onderwyser John P Holland (1841-1914),<sup>9</sup> het baanbrekerswerk in die VSA gedoen met sy "Holland"-klas duikbote. Holland, wat hom in 1873 in die VSA gaan vestig het, het vir alle praktiese doeleindes die moderne duikboot ontwerp. Die Britse RN het eers in 1903 hul eerste duikboot ('n VSA "Holland"-klas, wat onder lisensie in Brittanje gebou

<sup>7</sup> R Garrett, **Submarines** (Londen, 1977), pp. 10-2; E Bognasco, **Submarines of World War Two** (Londen, 1991), p. 10; Lawless, pp. 34-6; Horton, p. 12.

<sup>8</sup> Miller, pp. 10, 26; Bognasco, p. 10; Lawless, pp. 36-44; Horton, pp. 8-11, 27-31; Garrett, pp. 13-4, 17-9; G Oeland, "The H.L. Hunley: secret weapon of the Confederacy", **National Geographic**, Julie 2002, pp. 82-101. Die wrak van die **H.L. Hunley** is in 1995 ontdek, in 2000 geberg, en word in Charleston se museum bewaar. Vir meer oor die ontwikkeling van duikbote in die VSA in die algemeen, kyk bv. **Silent chase: submarines of the U.S. Navy** (Charlestonville, 1989).

<sup>9</sup> Kyk in besonder RK Morris, **John P. Holland 1841-1914: inventor of the modern submarine** (Annapolis, 1966).

is) in ontvangs geneem - bloot bekend as **No 1**.<sup>10</sup> Interessant genoeg het Duitsland – wat in die twintigste eeu se twee wêreldoorloë die grootste sukses met duikbote behaal het - eers in 1906 hul eerste duikboot bekom, naamlik **Unterseeboot 1 (U1)**, deur Krupp na aanleiding van 'n Franse ontwerp gebou.<sup>11</sup>

Toe die Eerste Wêreldoorlog (1914-8) op 28 Julie 1914 uitbreek het, was die duikboot gevestig as 'n praktiese wapen en het die agt mees vooraanstaande vlootmoondhede oor 'n totaal van sowat 350 duikbote beskik (met nog sowat 100 in aanbou of op bestelling). Duitsland, wat aanvanklik oor slegs 28 duikbote beskik het, het 345 nuwe duikbote in die loop van die oorlog in diens gestel, maar ook 178 verloor, tesame met 5 088 bemanningslede. Duitse duikbote het 5 282 Geallieerde handelsvaartuie (met 'n totale bruto tonnemaat van ongeveer 12 000 000 ton) gekelder.<sup>12</sup> Dit was egter tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-45) dat duikbote die grootste slagting ooit aangerig het. Toe die oorlog op 1 September 1939 uitbreek, het 26 lande oor 'n totaal van ongeveer 700 duikbote beskik. Aan die begin van die stryd het Nazi-Duitsland oor slegs 57 duikbote beskik, teenoor 58 in die RN en (in Desember 1941) 114 in die VSA se vloot. Duitsland het in die loop van die konflik ten minste 1 162 nuwe duikbote in diens gestel; maar in totaal ook 784 (en ongeveer 28 000 bemanningslede) verloor, terwyl ten minste 215 duikbote aan die einde van die oorlog self gesink is ten einde te voorkom dat hulle in Geallieerde hande beland. Duitse duikbote het 'n totaal van 2 927 Geallieerde handelsvaartuie (met 'n totale bruto tonnemaat van ongeveer 15 000 000 ton) gekelder, asook meer as 150 Geallieerde oorlogskepe.<sup>13</sup> Van die bogenoemde handelskepe is 133 (743 544 ton) binne 1 000 seemyl van die Suid-Afrikaanse kus deur duikbote gekelder, asook een oorlogskip, terwyl slegs drie Duitse duikbote in dié gebied tot sink gebring is.<sup>14</sup>

<sup>10</sup> **No 1**, die RN se heel eerste duikboot, word by die RN Submarine Museum te Gosport, oorkant Portsmouth, in die suide van Engeland bewaar.

<sup>11</sup> Bognasco, pp. 11, 14, 16; Miller, pp. 10-1, 84; Lawless, pp. 46-55; Horton, pp. 31-6; JJ Tall en P Kemp, **HM submarines in camera 1901-1996** (Enderby, 1996), p. 1; Garrett, pp. 22-3; R Longstaff, **Submarine command: a pictorial history** (Londen, 1984), pp. 14-31; R Compton-Hall, **Submarine boats: the beginning of underwater warfare** (Londen, 1983), pp. 32-5, 42-62, 92-109; A Preston (red.), **Warship 2004** (Londen, 2004), p. 76.

<sup>12</sup> Miller, pp. 67, 69; Bognasco, p. 18.

<sup>13</sup> Miller, pp. 18, 67-9; PJ Kemp, **British submarines in World War Two** (Poole, 1987), p. 5; R Compton-Hall, **The underwater war 1939-1945** (Poole, 1982), *passim*; Hezlet, pp. 124-240; J Piekalkiewicz, **Sea war 1939-1945** (Poole, 1987), pp. 338-9; D Mason, **U-Boat: the secret menace** (Londen, 1968), *passim*; EP von Porten, **The German navy in World War Two** (New York, 1969), pp. 248-9. Vandag kan gerestoureerde Duitse Tweede Wêreldoorlogduikbote o.m. te Laboe (naby Kiel) in Duitsland, in Birkenhead (by die Historic Warships Museum) oorkant Liverpool in Engeland, en in Chicago, VSA, gesien word.

<sup>14</sup> LCF Turner *et al.*, **War in the southern oceans 1939-1945** (Kaapstad, 1961), uitvoukaarte aan die einde van die boek.

In die loop van die Tweede Wêreldoorlog het die VSA meer as 200 en Brittanje meer as 100 nuwe duikbote gebou.<sup>15</sup> Baie van hierdie duikbote sou nog vir jare lank (veral in herboude, gemoderniseerde vorm) tydens die Koue Oorlog diens doen, voordat sommige aan ander lande geskenk of verkoop is; die VSA het byvoorbeeld Tweede Wêreldoorlog-duikbote verskaf aan onder meer die Republiek van China (Taiwan; twee, 1973) en Turkye (sewe, 1970-3).<sup>16</sup>

Tot en met die Tweede Wêreldoorlog was slagskepe die belangrikste vaartuie in 'n vloot en is 'n vloot se slaankrag in terme van die getal en grootte van die slagskepe waaroor beskik is, gemeet. Tydens dié oorlog het die vliegdekskip die slagskip as vernaamste oorlogskip vervang. Met verloop van tyd het die duikboot, binne die konteks van die Koue Oorlog, op sy beurt die vernaamste wapen in die vlootarsenaal geword en dus ook een van die belangrikste strategiese en taktiese wapens van die twintigste eeu - 'n rol wat dit die derde millennium ingedra het. Tot en met die einde van die Tweede Wêreldoorlog was duikbote eintlik nog bloot oppervlakvaartuie wat ook kon duik, maar vanaf die vyftigerjare is ware duikbote ontwikkel wat vir lang periodes onder die water kon opereer sonder die noodsaak om na die oppervlakte te kom. Die bou van kernaangedrewe duikbote het dit moontlik gemaak, en toe duikbote boonop ook nog met interkontinentale ballistiese missiele (elke missiel met talle kernploffkoppe) toegerus is, het die duikboot teen die middel van die sestigerjare inderdaad die status van allerbelangrikste wapen verwerf - iets wat dit tot 'n groot mate vandag (2005) steeds behou.

In die loop van die Koue Oorlog, 1945-90, het die Sowjet-Unie nie minder nie as 233 kernaangedrewe en 525 diesel-elektriese duikbote gebou.<sup>17</sup> Teen die tyd dat die RSA sy eerste duikboot op 24 Julie 1970 in diens gestel het, het 32 ander lande ook reeds oor 'n totaal van ongeveer 820 duikbote beskik met nog 'n verdere ongeveer 50 in aanbou. Die meeste duikbote was in die vlote van die Sowjet-Unie (394), VSA (161), Brittanje (35), Rooi China (33), Swede (24) en Frankryk (20).<sup>18</sup> Genoemde ses lande het dus ongeveer 81% van alle duikbote besit, terwyl die Sowjet-Unie en die VSA (dit wil sê die twee supermoondhede van destyds) saam ongeveer 68% van alle duikbote besit het, en die Sowjet-Unie alleen ongeveer 48% van die wêreld se duikbote onder sy vlag gehad het en die VSA ongeveer 20%. Verder moet in gedagte gehou word dat veral die VSA en die Sowjet-Unie oor 'n hele aantal kernduikbote beskik het (en steeds beskik) wat interkontinentale ballistiese

<sup>15</sup> RVB Blackman, **The world's warships** (2de uitgawe, Londen, 1960), pp. 221, 236, 238. Van hierdie duikbote word as museums bewaar, bv. USS **Pampanito** (San Francisco, VSA) en HMS **Alliance** (Gosport, Engeland).

<sup>16</sup> R Sharpe (red.), **Jane's fighting ships 1994-95** (Coulsdon, 1994), pp. 669, 705-6.

<sup>17</sup> Miller, p. 48.

<sup>18</sup> RVB Blackman (red.), **Jane's fighting ships 1970-71** (Londen, 1970), *passim*.

missile kan afvuur; dus geheel 'n ander tipe duibkoot as die meer tradisionele patrollie- en/of aanvalsduibbote.

Toe die SAV se laaste "Daphné"-klas duikboot op 28 November 2003 vir oulaas uit diens gestel is, was daar 41 vlote wat in totaal oor ongeveer 406 duikbote beskik het, met nog 'n verdere 55 in aanbou. Die meeste duikbote was nou in die vlote van die VSA (72), Rusland (58), Rooi China (46), Noord-Korea (22), Japan (18) en Indië (16). Die VSA beskik dus oor sowat 18% van die wêreld se duikbote, Rusland oor 14% en Rooi China oor 11%. Die top ses duikbootlande besit saam ongeveer 57% van die wêreld se duikbote. Van die lande wat in 1970 onder die top ses duikbootvlote getel het, het Brittanje nou slegs 15, Frankryk tien en Swede sewe duikbote gehad.<sup>19</sup> Die vermeerdering van die getal duikbootvlote van 32 tot 41 is insiggewend: al hoe meer vlote besef die waarde van duikbote.

Teen 2003 het die Sowjet-Unie vir meer as 'n dekade reeds nie meer bestaan nie (dit het in 1991 in 15 state opgebreek, met Rusland as die sterkste van dié lande en die belangrikste erfgenaam van die Sowjet-Unie se militêre vermoëns, insluitende oorlogskepe en duikbote), is die meeste Westerse vlote, in besonder die RN, in die afloop van die Koue Oorlog aan grootskaalse rasionalisasie onderwerp, en het die VSA by verstek as oorwinnaar en enigste oorblywende supermoondheid uit dié stryd getree. Hoewel die getal duikbote ter wêreld in die jare 1970 tot 2003 met net meer as die helfte afgeneem het, het Suid-Afrika en nog 11 ander lande in dié periode duikbootmoondhede geword (insluitende Colombië, Ecuador, Iran, beide Noord- en Suid-Korea en Singapoer), terwyl ander hul bestaande duikbootvlote op groot skaal uitgebrei het (in besonder Rooi China, Indië, Japan en Pakistan). Slegs een land, naamlik Albanië, het in genoemde periode sy duikbootvermoë prysgegee (asook Denemarke aan die einde van 2004). Verder dien ook daarop gelet te word dat al het die getal duikbote in byvoorbeeld die vlote van die VSA, Brittanje en Frankryk afgeneem, die nuwe duikbote wat in diens gestel is veel groter en gedugter was (en is) as dié waarvoor voorheen beskik is. In die periode 1970 tot 2003 het al hoe meer lande die waarde van duikbote besef en hierdie tipe wapen aangekoop ten einde hul land en vloot se status en slaankrag te verhoog.

### 3. SUID-AFRIKA SKAF DUIKBOTE AAN: AANLOOP TOT 1970

Teen die agtergrond van die kort historiese oorsig wat in die vorige onderafdeling verskaf is, kan die besluit van die Suid-Afrikaanse regering in 1964 om duikbote vir die SAV te laat bou, beter begryp word. Hoewel die Suid-Afrikaanse Seediens

<sup>19</sup> S Saunders (red.), *Jane's fighting ships 2003-2004* (Coulsdon, 2003), *passim*. Let daarop dat mini- en dwergduikbote (waarvan Noord-Korea byvoorbeeld 57 besit) buite rekening gelaat word vir hierdie berekeninge.

(die voorloper van die latere SAV) eers op 1 April 1922 as 'n burgermagenheid tot stand gekom het, is die moontlikheid om duikbote vir Suid-Afrika te bekom die eerste keer in 1913 geopper - maar in 1914 summier deur die Britse Admiraliteit van die hand gewys. Die moontlikheid om duikbote aan Suid-Afrika te verkoop het weer in 1921 ter sprake gekom, maar in die praktyk het dit nie gebeur nie. Intussen het 'n aantal Suid-Afrikaners tydens die Eerste Wêreldoorlog as vrywilligers aan boord van Britse duikbote diens gedoen. Vier van hulle het aan diens gesterf en 'n ander een (WH Russell) is sover bekend die enigste Suid-Afrikaner wat by twee geleenthede die Distinguished Service Medal ontvang het. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het 'n groot aantal Suid-Afrikaners in die RN diens gedoen en ten minste 30 van hulle het met onderskeiding in Britse duikbote gedien. Van hierdie 30 persone het ses aan diens gesterf. Tydens die oorlog het Suid-Afrikaners diep onder die indruk gekom van hoe strategies belangrik die Kaapse seeroete was en is, en hoe kwesbaar die land se gebiedswater en omliggende see vir duikbootaanvalle was. Soos reeds in die vorige onderafdeling vermeld is, is nie minder nie as 133 Geallieerde handelskepe binne 1 000 seemyl van die Suid-Afrikaanse kus deur Spilmoondheidduikbote gekelder, terwyl slegs drie Duitse duikbote binne 1 000 seemyl van die kus tot sink gebring is.<sup>20</sup>

Op 30 Junie 1955 is die Simonstadse Ooreenkoms tussen Suid-Afrika en Brittanje aangegaan, waarvolgens die RN se Simonstad-vlootbasis aan Suid-Afrika oorhandig is (2 April 1957) en die SAV in die jare 1954 tot 1964 'n totaal van vier addisionele fregatte, tien kusmyneveërs en vyf patrolliebote in diens gestel het.<sup>21</sup> Eers toe dié grootskaalse uitbreiding van die SAV so te sê afgehandel was, is ernstig aan 'n volgende uitbreidingsdimensie aandag geskenk, naamlik die aanskaf van duikbote. Die Vlootstafhoof, skout-adm. HH Biermann, en vervolgens die kommandant-generaal (hoof) van die destydse SAW, genl. PH Grobbelaar, het die operasionele behoefte aan duikbote aanbeveel, waarna die kabinet dit in 1964 goedgekeur het. Daarna het die destydse Minister van Verdediging, mnr. Jim Fouché, aangekondig dat die RSA 'n bestelling vir duikbote gaan plaas.<sup>22</sup> Die

<sup>20</sup> **Through the periscope**, pp. 8-19, 114-5; Du Toit, p. 267; Turner **et al.**, uitvoukaarte aan die einde van die boek; **Naval Digest** 5, Junie 2001, **passim**; CJ Harris, **War at sea: South African maritime operations during World War II** (Rivonia, 1991), pp. 202-16.

<sup>21</sup> A Wessels, "Die Simonstadse Ooreenkoms", **Gister en Vandag** 14, September 1987, pp. 18-21; **Die Burger**, 2 April 1957, pp. 1, 8-9; JC Goosen (samesteller), **Ons vloot: die eerste vyftig jaar** (Kaapstad, 1973), pp. 135-50.

<sup>22</sup> Du Toit, pp. 267-8; SA Vlootmuseum (Simonstad), **Submarines (lêer): History of the South African submarine service** (getikte manuskrip), p. 1; SA Vlootmuseum, **losstaande booglêer: Abbreviated history of SAN submarine branch** (getikte manuskrip), p. 1. Volgens laasgenoemde twee "amptelike" bronne het mnr. Fouché op 26 Mei 1965 in die Volksraad van die Parlement aangekondig dat die RSA duikbote gaan aanskaf, maar in al die Hansards van 1965 is die naaste wat aan so 'n aankondiging gekom is wel op 26 Mei, toe Fouché bloot gesuggereer het dat duikbote bekom gaan word, sonder om 'n getal of enige ander besonderhede te verskaf. Kyk **Debatte van die Volksraad (Hansard) 22 Januarie tot 18 Junie 1965** (Pretoria, s.a.), kolom 7045.



besluit om duikbote aan te skaf is onder meer gemotiveer deur die feit dat duikbote as 'n strategiese afskrikkingsmiddel kon dien (veral in die lig van die RSA se groeiende internasionale isolasie van destyds), 'n noodsaaklike wapen ter verdediging van die Kaapse seeroete en van Suid-Afrika se hawens (en dus ook die land se in- en uitvoere) was,<sup>23</sup> en dat die aanskaf van duikbote meer afskrikking per rand vir die SAV sou koop (dus uitstekende waarde vir geld was).<sup>24</sup>

Teen die middel van die sestigerjare was die Nasionale Party (NP)-regering besig om - niteenstaande binnelandse proteste en internasionale druk - sy negatiewe en diskriminerende beleid van apartheid so konsekwent as moontlik toe te pas. Militêre kontak met die VSA was feitlik iets van die verlede (en is 'n nekslag toegedien na aanleiding van die verleentheid wat ontstaan het toe die vliegdekskip USS **Franklin D. Roosevelt** Kaapstad in Februarie 1967 besoek het en swart matrose nie toegelaat is om aan wal te gaan nie omdat onder apartheidswetgewing hulle nie gelyke behandeling gewaarborg kon word nie) en die Britse Arbeidersparty het 'n opskorting van veral militêre betrekkings met die RSA bepleit. Ten einde Sowjet-uitbreiding te voorkom, was die NP-regering egter steeds verbind tot die verdediging van die strategies belangrike Kaapse seeroete en dus ook tot die instandhouding van 'n vloot wat oor redelik lang afstande ontplooi kon word.

In die lig van die feit dat die SAV teen die middel van die sestigerjare steeds uitsluitlik oor Brits-geboude oorlogsskepe beskik het, en die vlote van Brittanje en Suid-Afrika reeds sedert 1922 ten nouste saamgewerk het, was dit logies dat die duikbootprojekspan (wat onder leiding van kdr EM Kramer op die been gebring is) graag Britse duikbote vir die SAV wou aanskaf. Die logiese keuse was die suksesvolle "Oberon"-klas waarvan uiteindelik 13 vaartuie vir die RN, drie vir Kanada, ses vir Australië, drie vir Brasilië en twee vir Chili gebou is. Toe die Arbeidersparty in 1964 in Brittanje aan bewind kom, het hulle die opsionele Verenigde Nasies (VN)-wapenboikot teen die RSA toegepas en moes die SAV ander moontlikhede ondersoek. Nederlandse, Duitse en Franse ontwerpe is gevolglik oorweeg.<sup>25</sup>

Die SAV se duikbootprojekspan het nie veel moeite ondervind om weldra 'n baie goeie "tweede beste" keuse ten opsigte van duikbote vir die SAV te maak nie - 'n keuse wat op die lang termyn waarskynlik in elk geval die heel beste keuse was wat

<sup>23</sup> **Through the periscope**, p. 21; inligting verskaf deur skout-adm. EP Groenewald, 16 Julie 2005.

<sup>24</sup> SA Vlootmuseum, *Submarines* (lêer): Notas n.a.v. gesprek met skout-adm. HH Biermann; inligting verskaf deur skout-adm. EP Groenewald, 16 Julie 2005.

<sup>25</sup> Du Toit, p. 267; SA Vlootmuseum: *Submarines* (lêer): History of the South African Navy submarine service (getikte manuskrip), p. 1. Wat die moontlike aankoop van Nederlandse duikbote betref, kyk bv. S de Boer, **Van Sharpeville tot Soweto: Nederlands regeringsbeleid ten aanzien van apartheid, 1960-1977** (Den Haag, 1999), pp. 155-75.

gemaak kon word, want oor die algemeen het die Franse "Daphné"-klas beter diens as die "Oberons" gelewer. Hoewel baie SAV-lede aanvanklik skepties was oor die besluit om Franse duikbote aan te skaf, is hulle met verloop van tyd deur die sukses wat in die praktyk behaal is, tot ander insigte gebring.<sup>26</sup> Ander lande se vlote was ook beïndruk deur die "Daphné"-klas: naas 11 van die klas wat deur die Franse vloot in diens gestel is (1964-70), het Portugal in 1967-9 vier aangekoop (waarvan een in 1975 aan Pakistan herverkoop is), Pakistan het in 1970 drie aangekoop (plus in 1975 'n vierde vanaf Portugal) en vier "Daphné's" is in 1968-75 onder lisensie in Spanje vir die Spaanse vloot gebou.<sup>27</sup>

Die "Daphné's" was kleiner as die "Oberons", maar besonder stil en maneuvreerbaar, geskik om in kuswater te opereer, en moeilik om op te spoor. Hulle was 57,77 m lank, 6,75 m breed, met 'n maksimum diepgang van 5,23 m, 'n standaardverplasing van 700 ton, oppervlakteverplasing van 893 ton, onderwaterverplasing van 1 043 ton, kon 300 m diep duik, het 'n oppervlaksnelheid van 13,5 knope gehad (16 knope onderwater maksimum, vir kort periodes), 'n snorkelreikafstand van 4 300 seemyl teen 7,5 knope (2 700 seemyl op die oppervlakte teen 12,5 knope), en het gewoonlik 'n bemanning van ses offisiere en 45 ander lede gehad (tien addisionele persone kon vir opleidingsdoeleindes aan boord geakkommodeer word). Die duikbote se hoof oorlogstaak was uiteraard die opspoor en vernietiging van vyandelike oppervlakvaartuie en duikbote. Vir dié doel het die "Daphné's" oor nie minder nie as 12 torpedo's, elk in 'n eie buis, gereed om afgevuur te word, beskik: agt voor in die boeg, twee in die agterskip en nog twee halfpad tussen die vin en die agterskip - laasgenoemde vier buise wat torpedo's na agter kon afvuur (hoewel die torpedo's daarna kon draai om die teiken te onderskep). Die bewapening het uit 'n mengsel van Franse L3 teenduikboot aktiewe snuffel-("homing") torpedo's en Franse, E14 en E15 teenoppervlak passiewe snuffeltorpedo's bestaan, almal met 'n wydte van 550 mm. Uiteraard was daar naas die torpedo's in die buise geen herlaai-torpedo's aan boord nie. Die torpedo-buise kon wel in plaas van torpedo's vir die vervoer en lê van seemyne gebruik word. Verder het die duikbote oor een soek- en een aanvalsperiskop beskik, hoë-definisie radar, asook waarskuwings- en aanval-sonar.<sup>28</sup>

Die diesel-elektries-aangedrewe "Daphné's" was goed ontwerp om vir so lank as ses weke weg van 'n basis ontplooi te word: vir verkenningswerk, inligting-insameling, die lê van seemyne en die klandestiene landing van spesiale magte. In vrede tyd kon hulle, naas patrolling, ook ingespan word om te help met die

<sup>26</sup> SA Vlootmuseum, *Submarines* (lêer): Notas n.a.v. gesprek met skout-adm. HH Biermann.

<sup>27</sup> Sharpe (red.), pp. 208, 475, 513, 629.

<sup>28</sup> **Through the periscope**, pp. 22-3; Du Toit, pp. 267-8, 277; inligting verskaf deur skout-adm. E Groenewald, 16 Julie 2005.

opleiding van skeeps-, vliegtuig- en ander duikbootbemanninge in die opspoor van duikbote. Die "Daphné's" kon vir lang periodes teen 'n lae snelheid onder water bly. Op 10 April 1967 is 'n kontrak deur mnr. PW Botha, Suid-Afrika se Minister van Verdediging, in Frankryk onderteken waarvolgens die Franse Dubigeon-Normandie-skeepswerf te Nantes (aan die Loire-rivier in noordwes-Frankryk) drie van hierdie tipe duikbote vir die SAV sou bou. Die totale koste het R24 miljoen beloop. Die aankondiging het, soos verwag kon word, wye publisiteit in die media geniet en is tot 'n baie groot mate positief ontvang.<sup>29</sup>

Die eerste SAV-duikboot is op 14 Maart 1968 te Nantes op stapel gesit. Kort tevore het 'n groot terugslag die Franse vloot getref toe een van hul "Daphné's", die **Minerve**, op 27 Januarie 1968 met almal aan boord spoorloos in die Middellandse See verdwyn het. Op 4 Maart 1970 het 'nusterskip, die **Eurydice**, in dieselfde gebied spoorloos verdwyn. Vroeg in 1971 het 'n anderusterskip, die **Flore**, amper ook vergaan toe haar snorkel ophou funksioneer het na aanleiding van 'n kortsluiting wat die elektriese motors tot stilstand gebring het - iets wat dus na alle waarskynlikheid tot die ondergang van die ander twee duikbote gelei het. Die kaptein van die **Flore** het egter daarin geslaag om sy duikboot terug te stuur na die see-oppervlakte. Hierdie drie episodes - en in besonder die eerste twee wat noodlottig was - het vlote skepties gestem ten opsigte van die "Daphné's" en geen verdere bestellings is ontvang nie; andersins kon hierdie klas duikboot tipe dalk die wêreld se populêrste klein diesel-elektriese duikboot tipe van alle tye geword het. (In die praktyk het die Duitse "209"-klas dié eer verwerf.) Ook in 1971 het 'n "Daphné"-klas duikboot die eerste en tot dusver enigste konvensionele duikboot geword om sedert die Tweede Wêreldoorlog 'n vyandelike skip te kelder, naamlik toe die Pakistaanse duikboot **Hangor** die Indiese "Blackwood"-klas (Tipe 14) fregat **Khukri** gekelder het (9 Desember 1971) tydens die Indo-Pakistani-oorlog (1971).<sup>30</sup>

Op 23 Junie 1967 is 'n duikbootopleidingsooreenkoms tussen die RSA en Frankryk gesluit. Alle duikbootbemanninge was en is vrywilligers. Die eerste duikbootbemanninge het hul opleiding by die Franse duikbootskool te Toulon ontvang, asook aan boord van Franse "Daphné"-duikbote, terwyl tegniese onderhoudpersoneel te Nantes opgelei is. Aangesien die laaste Suid-Afrikaanse gesinne eers in Junie 1972 na Suid-Afrika teruggekeer het, is naas 'n administratiewe eenheid ook 'n primêre skool in die vlootkeepswerf te Toulon tot stand gebring. Die vloot-

<sup>29</sup> Du Toit, p. 267-8; SA Vlootmuseum, *Submarines (lêer): History of the South African Navy submarine service* (getikte manuskrip), p. 1; **Die Volksblad**, 11 April 1967, p. 7 en 19 April 1967, p. 1; **The Friend**, 11 April 1967, p. 1 en 20 April 1967, p. 1. Aanvanklik het mnr. Botha bloot gesê dat Suid-Afrika duikbote benodig, en die ondertekening van 'n ooreenkoms is eers op 18 April, nadat hy na Suid-Afrika teruggekeer het, amptelik bekend gemaak.

<sup>30</sup> Du Toit, pp. 268-9; inligting verskaf deur skout-adm. (JG) Arné Söderlund, 23 Mei 2005; RVB Blackman (red.), **Jane's fighting ships 1972-73** (s.l., s.a.), p. 157.

eenheid wat die SAV-personeel in Toulon en elders in Frankryk sou administreer, het as SAS **Duiker** bekend gestaan.<sup>31</sup>

Die tweede SAV-duikboot is op 18 November 1968 neergelê en die derde een op 24 April 1969. Die eerste duikboot is op 18 Maart 1969 SAS **Maria van Riebeeck** (S97) gedoop en te water gelaat, die tweede op 24 Oktober 1969 as SAS **Emily Hobhouse** (S98) en die derde op 21 Julie 1970 as SAS **Johanna van der Merwe** (S99)<sup>32</sup> - almal uiteraard te Nantes (daarvandaan die gesamentlike bynaam "Tantes van Nantes"). Die name het uiteraard onderskeidelik verwys na die vrou van Jan van Riebeeck, stigter van die Nederlandse halfwegstasie aan die Kaap in 1652; die Britse filantroop wat haar tydens en na afloop van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) oor die Boereburgerlikes ontferm het; en 'n twaalfjarige meisie wat op 17 Februarie 1838 die Zoeloe-aanval op die Voortrekkers aan die Bloukrans- en Boesmansriviere wonderbaarlik (hoewel erg gewond) oorleef het. Die NP-regering se naamkeuse vir die duikbote was ietwat omstrede (lang name, twee verwysend na "buitelanders", en dit is te betwyfel of die pasifis Emily Hobhouse graag 'n duikboot na haar vernoem sou wou hê!) en die drie vaartuie is gevolglik in die omgang "Maria", "Emily" en "Johanna" genoem.<sup>33</sup> (In 1999 is die drie duikbote - soos vroeër reeds aangedui - herdoop tot SAS **Spear**, **Umkhonto** en **Assegai**.)

"Maria" het, met 'n gemengde Franse/Suid-Afrikaanse bemanning, haar eerste statiese duik rivier-af te St Nazaire gedoen en vervolgens na Lorient gevaar om seeproewe in die Baai van Biskaje uit te voer. Om 11h20 op Vrydag 24 Julie 1970 is SAS **Maria van Riebeeck** te Lorient as die SAV se eerste duikboot in diens gestel met kdr. JAC Weideman as eerste bevelvoerder. (Dié historiese gebeurtenis het in 'n ewe historiese gebou plaasgevind, naamlik die beton "Keroman"-duikboot-skuijing wat gedurende die Tweede Wêreldoorlog deur die Duitse besetters vir hul duikbote in Lorient gebou is.) Vervolgens het "Maria", met Toulon as basis, nog verskeie proewe en see-oefeninge gedoen. Terwyl "Maria" hiermee besig was en die aand van 20 Augustus 1970 na Toulon teruggevoer is, was hy in 'n botsing met sy Franse susterskip, **Galatee** (wat die hawe uitgevaar het), betrokke. Beide duikbote was op die oppervlakte. Die Franse boot is ernstig beskadig en ses bemanningslede is dood en vier beseer. "Maria" is net lig beskadig en daar was

<sup>31</sup> SA Vlootmuseum, *Submarines (lêer): History of the South African Navy submarine service* (getikte manuskrip), p. 2; Du Toit, p. 269. Vir meer oor die opleiding van die eerste bemannings, kyk **Through the periscope**, pp. 29-35.

<sup>32</sup> Die **Emily Hobhouse** en **Johanna van der Merwe** se tewaterlating was informeel en het nie met 'n doopplegtigheid gepaard gegaan nie; met ander woorde 'n sogenaamde tegniese tewaterlating, in pas met die Franse gebruik om slegs die eerste van 'n reeks vaartuie met groot fanfare te water te laat. SA Vlootmuseum, *Submarines (lêer): History of the South African Navy submarine service* (getikte manuskrip), p. 3.

<sup>33</sup> Du Toit, p. 270; **Through the periscope**, pp. 24-5. Vir kommentaar oor die duikbootname, kyk bv. **Dagbreek en Sondagnuus**, 9 Maart 1969 en **The Cape Times**, 22 Maart 1969.

geen ongevalle aan boord nie. Die geregtelike ondersoek wat gevolg het, het die Suid-Afrikaanse bevelvoerder van alle blaam vrygespreek.<sup>34</sup>

#### 4. HUISWAARTS

Op 25 Maart 1971 het SAS **Maria van Riebeeck**, met die fregat SAS **President Kruger** as begeleidingskip, vanuit Toulon vertrek en via Gibraltar (29 Maart-1 April), Porto Grande (op St Vincent, een van die Kaap Verdiese Eilande, 9-12 April), Luanda (26 April-1 Mei) en Walvisbaai (7-9 Mei) na Simonstad gevaar, waar 'n groot skare van meer as 1 000 mense (waaronder die Minister van Verdediging, mnr. PW Botha), die SAV se jongste toevoeging om 11h15 op Donderdag 13 Mei hartlik welkom geheet het. "Maria" het die ewenaar onderwater gekruis; en die laaste deel van die nooiensvaart is ook in die geselskap van die torpedojaer SAS **Simon van der Stel** en aanvullingskip SAS **Tafelberg** deurgebring.<sup>35</sup> Na afloop van haar eerste operasionele vaart in Suid-Afrikaanse waters, het "Maria" op 28 Mei 1971 die Kaapstadse hawe binnegevaar - met ander woorde die eerste keer dat 'n SAV-duikboot 'n Suid-Afrikaanse kommersiële hawe besoek na afloop van sy nooiensvaart. Die duikboot het daar vasgemeer gebly vir die duur van die tienjarige Republiekfees. Vanaf 10-2 Julie 1971 het "Maria" Port Elizabeth besoek.<sup>36</sup>

Intussen het groot veranderinge in die Simonstadskeepsverf plaasgevind ten einde duikbote te kan ondersteun. 'n Moderne duikbootbasis is gebou, insluitende 'n hoofkwartiergebou, akkommodasie, nuwe kaaie, 'n skeepsyser ("synchronlift"), herstellloods, werkswinkels en duikbootopleidingsfasiliteite. Die duikboothoofkwartier is op 1 April 1971 as SAS **Drommedaris** administratief in diens gestel, maar eers op 19 Junie 1972 amptelik geopen en op 31 Augustus 1976 herdoop tot SAS **Hugo Biermann**, ter ere van adm. HH Biermann, wat vir negentien jaar Hoof van die SAV was, daarna die eerste (en tot dusver enigste) vlootoffisier was wat hoof van

<sup>34</sup> SA Vlootmuseum, Submarines (lêer): Program and arrangements for the visit of the Vice Admiral H.H. Biermann SSA OBE for the launching of the SAS Johanna van der Merwe on the 21<sup>st</sup> of July 1970 at Nantes and the commissioning of the SAS Maria van Riebeeck on the 24<sup>th</sup> of July 1970 at Lorient (afgerolde dokument); SA Vlootmuseum, SAS Maria van Riebeeck (lêer): **SAS Maria van Riebeeck indiensstellingsereemonie / commissioning ceremony / cérémonie d'admission en service actif. Lorient. 24-7-1970** (program); SA Vlootmuseum, Submarines (lêer): History of the South African Navy submarine service (getikte manuskrip), pp. 3-4; Du Toit, pp. 270-1.

<sup>35</sup> Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW, Pretoria), Groep 5: logboeke – SAS **President Kruger** en **Simon van der Stel**; inligting verskaf deur skout-adm. (JG) P Fougstedt en kapt. RC Cousens; Du Toit, pp. 226, 242, 271; SA Vlootmuseum, SAS Maria van Riebeeck (lêer): **SAS Maria van Riebeeck. Aankoms te Simonstad op Donderdag 13 Mei 1971 / SAS Maria van Riebeeck. Arrival in Simonstown on Thursday 13<sup>th</sup> May 1971** (program); **Paratus** 22(5), Mei 1971, pp. 40-3.

<sup>36</sup> SA Vlootmuseum, losstaande booglêer: Abbreviated history of the SAN submarine branch (getikte manuskrip), pp. 4-5; **Through the periscope**, p. 44.

Suid-Afrika se Weermag geword het en 'n deurslaggewende rol gespeel het in die aanskaf van duikbote.<sup>37</sup>

Die SAV se tweede duikboot is op 26 Februarie 1971 in Lorient as SAS **Emily Hobhouse** in diens gestel, met lt.-kdr. LJ Woodburne as eerste bevelvoerder. Die nooiensvaart na Suid-Afrika is op 26 Oktober 1971 begin, met die fregat SAS **President Steyn** (kapt. EW Jupp) as begeleidingsvaartuig. Cadiz (30 Oktober-1 November), Porto Grande (9-11 November), Luanda (24-8 November) en Walvisbaai (3-5 Desember) is onderweg na Simonstad (aankoms 11h15 op Vrydag 10 Desember) besoek.<sup>38</sup> Op 27 Augustus 1971 is die SAV se derde en laaste duikboot, SAS **Johanna van der Merwe**, te Lorient in diens gestel, met lt.-kdr. TJ Honiball as eerste bevelvoerder. "Johanna" het Toulon in die loop van 3 Mei 1972 verlaat, laat daardie selfde aand ter see by haar begeleidingskip (SAS **President Steyn** - steeds onder bevel van kapt. EW Jupp) - wat eers later die dag uit die hawe vertrek het - aangesluit en saam het hulle onderweg na Simonstad (aankoms: Maandag 19 Junie) by Cadiz (8-10 Mei), Porto Grande (18-20 Mei), Luanda (3-7 Junie) en Walvisbaai (12-4 Junie) aangedoen.<sup>39</sup> Staatspresident Jim Fouché en die Minister van Verdediging, PW Botha, was onder die eregaste wat die aankoms van "Johanna" meegemaak het. Dieselfde dag, 19 Junie 1972, is die nuwe duikbootbasis, SAS **Drommedaris** (later herdoop tot SAS **Hugo Biermann**), amptelik deur die Staatspresident geopen en is die nuwe skeepshyser ("synchrolift", waarmee die duikbote en ook kleiner vaartuie uit die water gelig kon word) amptelik deur die Staatspresident (na wie die hyser ook vernoem is) in gebruik geneem.<sup>40</sup>

Met al die nuwe duikbote veilig in Simonstad, het 'n nuwe en opwindende era in die geskiedenis van die SAV aangebreek. In 'n kort tydsbestek is die SAV getransformeer van 'n blote oppervlakkvloot tot 'n vloot wat ook onder die waters kon opereer. Die slaanekrag van die Vloot het geweldig vergroot en - binne die konteks van die Koue Oorlog - kon die SAV voortaan die RSA se gebiedswater en handelsroetes

<sup>37</sup> **Through the periscope**, pp. 36-7; Du Toit, pp. 269, 271-2; SA Vlootmuseum, Submarines (lêer): History of the South African Navy submarine service (getikte manuskrip), pp. 4-6.

<sup>38</sup> Dokumentasiediens van die SANW, Groep 5: logboeke – SAS **President Steyn** en **Emily Hobhouse**; inligting verskaf deur kdre. SK Stead, kdre. EW Jupp en kapt. RC Cousens; Du Toit, pp. 228, 271-2; SA Vlootmuseum, SAS Emily Hobhouse (lêer): **SAS Emily Hobhouse. Aankoms te Simonstad op Vrydag 10 Desember 1971 / Arrival in Simonstown on Friday 10<sup>th</sup> December 1971** (program).

<sup>39</sup> Dokumentasiediens van die SANW, Groep 5: logboeke – SAS **President Steyn** en **Johanna van der Merwe**; inligting verskaf deur kdre. SK Stead; Du Toit, pp. 228, 272; **Vlootnuus** 10, Augustus-September 1991, p. 4; **Through the periscope**, pp. 39-41; inligting verskaf deur skout-adm. (JG) TJ Honiball, 23 Mei 2005.

<sup>40</sup> SA Vlootmuseum, SAS Johanna van der Merwe (lêer): program van verwelkoming en talle ander dokumente; **Paratus** 23(6), Junie 1972, pp. 6-9; **The Cape Times**, 20 Junie 1972, p. 9; SA Vlootmuseum, losstaande booglêer: Abbreviated history of the SAN submarine branch (getikte manuskrip), p. 13.

beter as ooit tevore beskerm. As gevolg van die voortgesette beleid van apartheid wat intern in die land toegepas is, was die RSA egter ook besig om geleidelik al hoe meer internasionaal geïsoleer te word, iets wat weldra ook die SAW van destyds, en in besonder die SAV, nadelig sou tref. (Indien die RSA nie die drie "Daphné"-klas duikbote aangekoop het op die stadium toe dit gedoen is nie, kon 'n wapenboikot voorkom het dat die land ooit duikbote sou kon aanskaf.) Die wyse waarop die SAV hul duikbote binne hierdie konteks aangewend het, sal in die opvolgartikel bespreek en geëvalueer word.<sup>41</sup>

---

<sup>41</sup> Kyk *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 30(3), Desember 2005.